ecsponent
Belê met die tye

ecsponuus

Nuusbrief | Mei **2017**

Is 'n resessie op hande?

Die moontlikheid van 'n resessie word al groter in Suid-Afrika te midde van swak vervaardigingsyfers – die enjin van ons ekonomie – en tekens dat die ekonomie besig is om te stagneer.

In Februarie het vervaardigingsproduksie met 3.6% gekrimp, vergeleke met die vorige jaar. Agt uit die nege vervaardigingsektore het gekrimp en dit was slegs motoronderdele en vervoertoerusting wat effens gegroei het.

Hoewel heelwat data van Maart nog ontvang moet word, is dit duidelik dat die ekonomiese verlangsaming van 2016 (Suid-Afrika het verlede jaar met slegs 0.3% gegroei) in 2017 voortgesit word.

In terme van ons bruto binnelandse produk (BBP), het ons reeds 'n negatiewe groeisyfer van -0.3% in die laaste kwartaal van 2016 gehad. Die afgradering deur Fitch en Standard and Poor's kan tussen een en twee persentasiepunte van die BBP uit die ekonomie sny. Indien die groeisyfer in die eerste kwartaal van 2017 ook negatief is, sal dit beteken Suid-Afrika is tegnies in 'n resessie met twee agtereenvolgende kwartale van negatiewe groei. Die finale syfers sal eers in Junie beskikbaar wees.

Daarby neem die onsekerheid oor ekonomiese beleid steeds toe. Die Beleidsonsekerheidsindeks van die Noordwes-Universiteit se Sakeskool het einde Maart tot 51 punte gestyg, vergeleke met die indeks se 38.8 punte in die laaste kwartaal van 2016. Die indeks is nou die heel hoogste sedert Nene-gate in 2015.

In werklikheid beleef Suid-Afrika reeds 'n per capita resessie, omdat ons ekonomie stadiger as die bevolking groei. Vandeesmaand sien ons as verbruikers die eerste groot impak van die afgradering met die petrolprys wat met 55 sent 'n liter kan verhoog.

Gelukkig is die moontlikheid van stagflasie (ekonomie wat stagneer terwyl inflasie toeneem) voorlopig in die kiem gesmoor met die aankondiging dat die verbruikersprysinflasie van 6.3% in Februarie tot 6.1% in Maart gedaal het.

Ekonome is versigtig om sakesiklusse soos resessies te voorspel, want dit is:

1. Blootgestel aan skokke soos oorlog, weerpatrone en nuwe tegnologie, en
2. Die siklusse kan gyselaar gehou word deur mense — en spesifiek politici — wat 'n resessie kan veroorsaak of voorkom deur geldvoorraad en staatsbesteding reg of verkeerd te bestuur.

Selfs Lesetja Kganyago, president van die Reserwebank, het gesê dit is nog te vroeg om te voorspel of 'n resessie gaan plaasvind. Die bank gaan egter wel sy groeiverwagtinge verlaag en het in sy oorsig gesê dat inflasie mettertyd gaan styg weens die swakker rand wat op Suid-Afrika se afgradering gevolg het.

Dit is ironies hoe vinnig die ekonomiese prentjie in Suid-Afrika die afgelope weke verander het. Ontleders was tot onlangs oortuig dat rentekoerse verlaag sou word, maar nou is daar feitlik konsensus dat 'n rentekoersverhoging van 0.25% in Mei 'n gegewe is om buitelandse kapitaal-invloei te lok.

Om alles te kroon, as 'n resessie nie op tuisfront gebeur nie, kan Pres. Donald Trump 'n resessie op die internasionale front ontketen. Indien die VSA voortgaan om tariewe van tussen 5% en 45% te hef op invoer vanuit lande soos China en Mexiko, kan dit tot 'n volskaalse handelsoorlog lei wat tot 'n wêreldwye resessie uitkring.

Wat beteken dit vir jou?

Baie mense is bekommerd oor wat 'n resessie vir hul portefeuljes, beleggings en natuurlik hul aftrede inhou.

Ongelukkig lê daar beslis nog 'n rits van skokke voor tot en ná die ANC se leierskapkonferensie in Desember en al die pad tot die algemene verkiesing in 2019.

Hoe kan jy jou teen 'n resessie verskans?

1	Stel 'n begroting op en hou daarby.
2	Spaar soveel moontlik en koop selektief. Het jy werklik daardie luukshede nodig?
3	Belê in veilige beleggings wat 'n stabiele koers aanbied en wat aan minder markrisiko's blootgestel is.
4	Betaal jou skuld so gou moontlik af.
5	Moenie geld gaan leen of enige nuwe skuld aangaan nie!

Daar is hoop op die ashoop. Suid-Afrika kan die Zupta-nagmerrie oorleef, al gaan dit met baie stampe en stote gepaard. Wat ons nou nodig het is om kop te hou, ons geld wys te bestee en te belê waar ons op goeie opbrengste kan staatmaak.

Skuld maak jou arm

Mense word daagliks slagoffers van banke, vervaardigers en kleinhandelaars wat hulle aanpor om skuld te maak en geld uit te gee wat hulle nie het nie.

Skuld is 'n luukse en om jou lewe lank te werk net om die skuld te betaal, is geen lewe nie.

Goeie finansiële beplanning en om bedag te wees teen die gevare van skuld kan 'n groot verskil aan jou welsyn maak. Waarom kry sommige dit reg en ander voer 'n lewenslange stryd teen skuld?

Hoeveel skuld jy?

Om nie die gevaar van skuld te besef nie, is in sigself die grootste gevaar.

Kyk jou situasie vierkant in die oë. Bepaal hoeveel jy skuld en bereken hoeveel maandeliks terugbetaal moet word. Begin dan met 'n plan om dit stelselmatig te verminder. Ontleed jou rekeninge en jy sal sien dat klein bedrae saam 'n groot bedrag maak. Hersien ook jou bankkoste en oorweeg, byvoorbeeld, goedkoper selfoonpakette en versekering.

'n Begroting is die finansiële barometer van jou lewe en die ware toets. Sonder 'n begroting is jy nie in beheer van jou finansies nie en gaan jy 'n slagoffer bly.

Skuld verswak jou aftrede

Die groot dilemma is dat skuld jou aftrede kan verswak en meebring dat jy jare langer moet bly werk omdat jy nooit finansieel gedissiplineerd was nie.

Sny jou lewensstyl

Om jou skuld te delg, sal jy jou lewenstyl moet verander deur onnodige luukses uit te sny en ook deur bykomende bronne van inkomste te skep. Albei verg moed, deursettingsvermoë en toewyding. Waar nodig, sluk jou trots en ruil luukses, soos 'n spogmotor, in vir een wat ekonomies en prakties is en by jou begroting pas.

Werk slim met skuld

Die geheim is om skuld te bekom wat VIR jou, pleks van TEEN jou werk. As skuld, soos dié op 'n huisverband, jou uiteindelik die trotse eienaar van jou eie huis maak, werk dit vir jou. Maar om op skuld te gaan uiteet of meubel- en klererekeninge aan te gaan, dompel jou in die afgrond. Nuwe meubels verloor meer as helfte van hul waarde sodra dit die winkel verlaat en is nie 'n belegging nie. Die meeste mense maak hierdie soort skuld wat hulle armer maak.

Die slim belegger, daarenteen, sal slegs skuld maak as dit kort daarna 'n opbrengs lewer of noodsaaklik is. Dink aan studieskuld wat 'n hoër inkomste beteken, 'n motor is waarmee jy werk toe moet ry, of bates wat vinniger met behulp van skuld geskep word. Slim beleggers sal nooit luukshede op rekening koop nie en ook net skuld aangaan wanneer rentekoerse laag is.

Versigtig vir plastiek

Kredietkaarte kan reg of verkeerd gebruik word. Dit is maklike geld, maar peperduur. Jou balans kan maklik tot 'n punt opbou waar jou inbetaling slegs die rente en nie die kapitaal delg nie.

Gebruik dit eerder as 'n opsie in die geval van nood. As jy nie genoeg dissipline het om daarby te hou nie, knip liewer alle kredietkaarte op!

Betaal jouself eerste

Betaal altyd 10% van jou salaris/vergoeding eerste aan jouself. Gebruik 'n debietorder om te verseker dat dit wel gebeur en belê die geld oor die langtermyn. Doen dit voor jy enige ander uitgawes aangaan. Indien jy wag om te kyk wat van jou salaris oorbly nadat jy al die ander goed betaal het, gaan daar nooit iets oorbly om te spaar en dan te belê nie. Jy gaan dan een van daardie mense word wat dit nooit kan bekostig om af te tree nie. Die tweede uitgawe is 'n paaiement om jou skuld te delg en eers daarna betaal jy die res.

Geniet die lewe

Goeie geldelike bestuur vereis die minimum gebruik van skuld. Moenie "begeer en bestee" nie. Respekteer jou hardverdiende geld. Daar is niks fout met 'n vakansie in New York nie, solank jy dit kontant kan betaal. Geniet die lewe, maar nie ten koste van jou eie finansiële toekoms nie!

ecsponent.com

Suid Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Acacia House, Green Hill Village Office Park, H/V Botterklapper en Nentabos Street (uit Lynnwoodweg), Pretoria
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • 6th Floor, Exponential Building, Plot 54351, New CBD, Gaborone, Botswana
Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.